



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 19 JUNIE 2022

TWEEDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
*Mense met siggestremdhede en
die Instituut vir Blindes*

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
2 Konings 2:1-2, 6-14; Psalm 77:1-2, 11-20
Galasiërs 5:1, 13-25; Lukas 9:51-62

SONDAG, 19 JUNIE

POSDAG
VADERSDAG
NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES

09:30 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo
Deuroffer: Instituut vir Blindes
Erediensspan 3 – Elsa Welman

GEEN Kleuterkerk en Kinderkerk

GEEN Aanddiens

GEEN Senior kategese

MAANDAG, 20 JUNIE

GEEN Kooroefening
19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 21 JUNIE

GEEN Senior Burger Bybelstudie
GEEN Manne Bybelstudie

WOENSDAG, 22 JUNIE

09:30 Vroue Bybelstudie
GEEN Othello Bybelstudie

DONDERDAG, 23 JUNIE

09:30 Kuilsrivier Dienssentrum – Sangoptrede Andries Venter (Moedergemeente saal)
Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, El mari Schwenke-vd Walt, Sybil Smit,
Dotjie Steyn, Maranda vd Merwe, Etetia Conradie

VRYDAG, 24 JUNIE

SKOLE SLUIT
GEEN Gebedsbyeenkoms

SATERDAG, 25 JUNIE

SONDAG, 26 JUNIE


DANKBAARHEIDSONDAG

09:30 Oggenddiens
Erediensspan 4 – Neels Kruger
GEEN Kleuterkerk en Kinderkerk

GEEN Aanddiens
GEEN Senior kategese

GEMEENTENUUS

1. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
Joshua Visser, seuntjie van Anton en Michelle Visser (Bottelary Pad)
2. Mike en Lyta van Wyk (Zevenwacht Country Estate) se pa is oorlede. Die troosdiens het gister plaasgevind.
3. Koos Smit (Klaradyn, voorheen Gousblomstraat) is oorlede. Die troosdiens vind komende Woensdag 22 Junie om 11:30 vanuit De Eike plaas.
4. Hester Carstens (Zevenzicht) het die afgelope week 'n oogoperasie ondergaan.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Ds Hannes Burger sal vanaf Dinsdag 21 Junie weer aan diens wees.
3. Die Kerkkoor het 'n winterreses, kooroefeninge hervat weer ná die skoolvakansie.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiging) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

INSTITUUT VIR BLINDES

Innovation for the Blind (voorheen bekend as Instituut vir Blindes), voorsien reeds sedert 1881 in die allesomvattende behoeftes van blinde, swaksiende en meervoudiggestremde volwassenes, deur die voorsiening van vaardigheidsopleiding, gespesialiseerde versorging, terapeutiese ondersteuning en werkskepping. Ten spyte van verskeie uitdagings oor ons 139 jaar het ons oorleef, en selfs sterker anderkant uitgekam, danksy die getroue ondersteuning van hartsnense en deur elke dag ons VISIE, naamlik **om 'n meetbare verskil in die lewensgehalte van siggestremdes te maak**, na te streef. Hierdie prestasie sou onmoontlik gewees het sonder die meelewende betrokkenheid van donateursvriende en vennote. U voorbidding vir ons organisasie en ons inwoners is vir ons baie kosbaar.

023 347 2745 | info@innovationfortheblind.org

Webwerf: <https://innovationfortheblind.org>

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

19/06 Hester Haynes, Elsa Triegaardt(90), Bertha de Kock(84),
Marie-Lee Deyzel

20/06 Bossie Brink, Kian Britz, Flippie Esau

21/06 Francois de Wit, Eric Brand, Anna Malherbe(91), Englise Franken

22/06 Netta de Villiers, Jasper van Rensburg, Johan Kriel, Christiaan Visser,
Piet Rootman, Jeandre Burger, Zandries Marais, Sue-Adrie Jefthas

23/06 Jacques du Plooy, Neels Visser, Demari Norman, Nicoline Laubscher

24/06 Joubert Coetzee

25/06 Cobus Myburgh, Retha Kühn, Gerrie Rademeyer, Elsie Hagan, Louisa Brand,
Abbie Marais, Elize Olivier, Serahn van Rooyen, Lua Cooper



KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal die 1ste week van die skoolvakansie van 27 Junie tot 1 Julie gesluit wees en heropen weer Maandag 4 Julie.

Vakansie kantoor ure van 4 Julie tot 18 Julie:

Maandae en Vrydae: 08:00 – 12:00

Dinsdae tot Donderdae: 08:00 – 11:00

BYBELSTUDIE

Senior Bybelstudie- en Othello Bybelstudiegroepe

Vanweë Pinkster en ds Hannes se verlof daarna, hervat die Bybelstudie soos volg:

Senior Bybelstudie hervat 19 Julie 2022

Othello Bybelstudie hervat 27 Julie 2022

DE EIKE KOSMANDJIE

Ja, die DROP N GO-projek is afgesluit en met DANKBAARHEID! - JOU BYDRAE het 'n tasbare verskil vir baie mense met nood in die tyd van Covid gemaak.

Die KOSMANDJIE is 'n omgee-bediening wat baie saak maak vir lidmate wat steeds swaar trek.

Sal jy asseblief help met enige van die volgende produkte of 'n kontantbydrae?

Suiker (1kg pakkies)

Koffie (150/200g)

Melk

Blikkies:

Gemengde groente/mielies

Tamatie

Tuna

Bully Beef

Vrugte (410g)

Handwasseppoeier (500g)

Sunlight wasgoedseepkoekie

Dankie dat jy omgee!

Groetnis uit DIE KOSMANDJIE

HUIS DE KUILEN

Huis de Kuilen het die volgende behoeftes:

Doeke:

"Aangesien hier tans heelwat inwoners in die versorgingsafdeling is wat doeke benodig van wie die familie nie instaat is om dit te voorsien nie, is dit 'n groot behoefte by die tehuis. Die staat voorsien baie min doeke. Ons benodig heelwat medium en *large* doeke (nie pull-ups nie).

Gordyne: Indien jy gordyne het wat nog bruikbaar is en dit nie meer nodig het nie, sal dit ook welkom wees.

Handdoeke: Enige bruikbare handdoeke wat jy nie meer nodig het nie, sal ook welkom wees.

"Babapoeier word ook baie hier gebruik - dit sal ook baie welkom wees"

Indien jy kan help met enige van bogenoemde, kan dit by die kerkkantoor of tehuis afgegee word.

Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning en voorbidding vir Huis de Kuilen - dit word waardeer."

NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

Nuus vanuit die kerkraadsvergadering:

Lize Fölscher is verkies tot Kommissie Voorsitter vir die Jeug Kommissie.

ALPHA REEKS

Alpha begin 21 Julie 2022 en daarna elke Donderdagaand tot en met 10 November.

Ons begin 18:30 vir 19:00 met 'n maaltyd. Om 19:30 kyk ons na 'n video en bespreking vind daarna plaas.

Almal baie welkom.

Kontak die kerkkantoor om jou naam op die lys te sit. Indien geen antwoord, laat 'n boodskap op die antwoorddiens en ons sal dit kry wanneer kantoor weer 4 Julie oop maak.

PREEKSKETS

TEMA – WAT MAAK JY HIER?

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: 1Konings 19:1-15



- 1. De Eike staan voor vele uitdagings en verandering.** De Eike se kerkraad is ernstig besig om oor haar roeping en vernuwing na te dink. Tog is dit nodig dat ons ook die vraag vra: *Waarmee het De Eike se vernuwing te make?* Het dit net te make met die onderskeie bedieninge in die gemeente en ons persoonlike godsdiens, of ook met ons lewe buite die mure van die kerkgebou en buite die grense van die gemeente? Die Here se vraag aan Elia by die ingang van die grot op die berg van die Here, is 'n vraag wat vandag op ons radar geplaas word: **Wat maak jy hier?** Hoekom het God jou in De Eike geplaas? Hoekom is jy deel van hierdie gemeente? Waarom sou God hier 'n gemeente tot stand gebring het? Het God nog 'n roeping vir jou in De Eike, in Sy kerk hier in Kuilsrivier? Ons hoor so baie.....
- 2. Ons was darem in hart en siel toegewyd.** Daar is sommige mense wat sê dat hulle hul deel in die gemeente gedoen het. Elia sê in vers 10: “Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God.” Hiermee wil Elia eintlik sê: “Here, moet tog net nie vergeet wat ek al in die verlede vir U en die kerk gedoen en beteken het nie. Moet my tog nie nou al weer met 'n nuwe roeping kom pla nie. En...”
- 3. Kyk vir 'n slag na die ander lidmate in die gemeente.** Elia probeer homself regverdig deur die Here se gedagtes te verfris met 'n vergelyking: “Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak” (v 10). Hiermee sê Elia eintlik: “Here, kyk net hoe sleg is die ander. Hulle is nie naastenby so toegewyd soos ek nie. Hulle het nie naastenby soveel tyd aan hulle godsdiens gewy as ek nie. Hulle het minder geld as ek gegee. Hulle het minder vir die basaar gewerk. Hulle is nêrens by 'n kleingroep of Bybelstudie betrokke nie. Baie van hulle is nêrens te sien, Here. Here, kyk 'n bietjie verder, dan sal U wel sien dit is nou ander mense se beurt. Los my vir 'n slag! Ek weet wat dit is om my roeping uit te leef.”
- 4. Ek kan nie alleen alles doen nie.** Hoor wat sê Elia: “Net ek alleen het oorgebly.” Hierdie verskoning is die een wat die deurslag moet gee. “Here, ek kan mos nie alleen alles doen nie. Hier is nie meer een gelowige wat bereid is om my te help nie. Dié wat nog sê hulle is godsdienstig is almal teen my en wil my doodmaak.” Elia wil nie meer vir God dien nie, want hy het homself van God se kinders geïsoleer. Hy het alleen oorgebly ... Tog stuur God vir Elia met 'n opdrag. Hiermee sê God vir Elia: “Doen jy net jou deel. Moenie so gou wil uittree nie. Jy is nie alleen nie. Ek het in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baäl-beeld aanbid het nie. Werk met hulle wie jy het.
- 5. Gaan maak klaar met wat jy besig is.** God vra vir Elia: “Wat maak jy hier? Probeer jy van my af wegvlug? Probeer jy jou roeping systap?” Dan gee Hy vir Elia 'n opdrag, 'n bevel: “Draai in jou spore om en gaan na die Damaskuswoestyn toe. Gaan maak klaar met wat jy besig is. Daar is werk in De Eike!